



## CLF NUUS

**Pinksterpreke:** Die preke vir Pinkster (10 - 20 Mei 2018), is gereed om afgelaai te word vanaf CLF se webtuiste onder, "Downloads" by <https://www.clf.co.za/downloads/week-of-prayer-pentecost>

Hiermee meer inligting oor die tema en onderwerpe:

### **Pinkster 2018: Op weg met die Gees: Van Babel na Jerusalem... na Kaapstad**

#### **Onderwerpe:**

Dag 1: Grond is God se eiendom (Esegiël 33:23-33)

Dag 2: 'n Woord vir die verwaarloosde kleintjies: God bring omvattende vrede (Esegiël 34:10, 25-31)

Dag 3: As die berge verneder word (Esegiël 36:1-15)

Dag 4: 'n Nuwe hart en gees vir die mens (Esegiël 36:16-38)

Dag 5: Dooie bene kry nuwe lewe (Esegiël 37:1-14)

Dag 6: 'n Stroom van lewe (Esegiël 47:1-12)

Dag 7: Babilon en die Bruid (Openbaring 18:1-17)

Dag 8: Die Lam se bruilof: Vreugde in die hemel en op aarde (Openbaring 19:1-10)

Dag 9: Die Lam se bruid: Die nuwe Jerusalem (Openbaring 21:1-11; 22:1/Esegiël 48:35b)

Dag 10: Die Gees en die bruid: Jerusalem se boom van die lewe (Openbaring 22:1-17)

#### **Iets oor die medewerkers:**

**Gustav Claassen (Dr)** is die Algemene Sekretaris van die NG Kerk en lid van die Algemene Sinodese Taakspan vir Ekologie.

**Fay van Eeden (Ds)** is leraar by NG gemeente Lynwood, Pretoria en Voorsitter van die NG Kerk se Algemene Sinode Taakspan vir Ekologie.

**Anton Doyer (Ds)** is 'n emeritusleraar en lidmaat van NG gemeente Lydenburg-Suid. Sy bediening het in die destydse NG Sendingkerk afgeskop, waar hy reeds 'n sterk aanvoeling vir die omgewing en ekoteologie ontwikkel het. Verder is hy en sy vrou sedert die begin aktiewe lede van die Oostelike Sinode se Eko-diensgroep en hy dien ook vir die laaste drie jaar op die Eko-taakspan van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

**Kuzipa Nalwamba (Dr)** is 'n geordende leraar van die United Church of Zambia. Sy woon in Pretoria en is 'n navorsingsgenoot van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

**Lydia Juliana-Jones (Ds)** is 'n afgetrede leraar van die Anglikaanse kerk wat op Darling woon.

**Nadia Marais (Dr)** is dosent in sistematiese teologie aan die Fakulteit Teologie Stellenbosch en lid van beide die Taakspan vir Ekologie van die NG Kerk se Algemene Sinode en die Projekspan Ekologie van die gesamentlike Getuienisaksie-bediening van die NGK Weskaap en VGK Kaapland.

**Juanita Greyvenstein (Ds)** is die leraar van die Maitland Gemeenskapskerk en lid van die Projekspan vir Ekologie van die gesamentlike Getuienisaksie-bediening van die NGK Weskaap en die VGK Kaapland.

**Ernst Conradie (Prof)** *is senior professor in die Fakulteit Godsdiens en Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland.*

**Rachel Mash (Dr)** *is Omgewingskoördineerder van die Anglikaanse Kerk in Suidelike Afrika.*

**David Botha (Ds)** *is voorsitter van die Gesamentlike Getuienisbediening van die NG Kerk Wes-Kaap en die VGKSA Kaapland se Projekspan vir Ekologie.*

Ons het groot waardering vir al ons medewerkers wat saamgewerk het om die oordenkings beskikbaar te maak. Amanda Carstens en Danny Fourie van Christelike Lektuurfonds het baie gehelp om die reeks elektronies gereed te kry. Nogmaals dankie aan almal.

Mag Pinkster in julle gemeente geseënd wees en mag die Heilige Gees ons help om die heerlike vryheid wat Christus aan ons geskenk het uit te leef, sodat die wêreld kan glo dat Christus leef.

**Eddie Orsmond en Donald Gantana**

(Namens die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis & Die Seisoen vir Menswaardigheid).